Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. **086 133 3786**
Faks (012) 329 0293
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Tydelike adres: Soutpansbergweg 92
Riviera, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

25 Junie 2016

PERSVRYSTELLING
(Vir onmiddellike vrystelling)

Adam Small se skielike heengaan

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns bring hulde aan die digter-akademikus, Adam Small, wat vandag (Saterdag 25 Junie 2016) oorlede is. Hy sou op 7 Oktober vanjaar die erelidmaatskap van die SA Akademie ontvang het, het die uitvoerende hoof van die Akademie, dr. Dionē Prinsloo, gesê. Dit is die hoogste erkenning van die Akademie. Op grond van sy literêre bydrae, by name vir sy skitterende drama *Kanna hy kô huis toe*, is die Hertzogprys in 2012 aan hom oorhandig. Sy oorlye is 'n groot verlies vir die Afrikaanse literêre en vir Afrikaans as taal, het dr. Prinsloo gesê.

'n Huldigingsbundel word tans op versoek van die Akademie onder redaksie van prof. Jacques van der Elst saamgestel vir 2017. Medewerkers aan hierdie bundel is onder andere proff. Hein Willemse, Marisa Keuris, Steward van Wyk, Bernard Odendaal, Frank Hendricks en dr. Michael le Cordeur. Breyten Breytenbach is eweneens gevra om 'n bydrae te lewer.

Dr. Dionē Prinsloo: Hoof Uitvoerende Beampte
Tel 086-133-3786 / Sel 082 464 6953
E-pos: dprinsloo@akademie.co.za / akademie@akademie.co.za